

## BOEKRESENSIE

**Jan Heunis:** *Die binnekring: Terugblikke op die laaste dae van blanke regering.* **Jonathan Ball, Johannesburg, 2007.**  
**ISBN 978-1-86842-283-8. 214 bladsye. R130**

Met 'n titel wat soos 'n goeie spioenasieriller klink, het die seun van voormalige kabinetsminister en leier van die Nasionale Party in Kaapland, Chris Heunis, sy herinneringe aan sy vader en sy eie rol in die blanke politiek van voor 1996 op skrif gestel. Dit is nog 'n belangrike bydrae tot die groeiende Afrikaanse literatuur oor hierdie betekenisvolle periode en bied heelwat ander feite en insigte as wat in die werke van Frederik van Zyl Slabbert, FW de Klerk, Magnus Malan en Japie Basson aangebied word. Die boek tree ook in geskil met die amptelike biografie van PW Botha wat deur Daan Prinsloo in 1997 as *Stem uit die wildernis* (Vaandel Uitgewers, Mosselbaai) geskryf is.

Die besondere voordeel van Jan Heunis, tans senior advokaat in die Kaap, se boek is dat hy dit alles van so naby beleef het en tog 'n sekere mate van afstand kon handhaaf omdat hy as regsman en nie as politikus nie by alles betrokke was. Die boek lewer waardevolle nuwe insigte ten opsigte van twee sake. Eerstens, die rol wat sy vader in die hervormingspolitiek van die Nasionale Party gespeel het. Vir die eerste keer word die omvang en graad van konflik tussen Chris Heunis en PW Botha en ander kabinetsministers oor verandering van nader toegelig. Heunis jr. se doel is om sy vader se beeld te herstel, naamlik dat Chris Heunis die werklike vader van die Nasionale Party se hervormingspolitiek in Suid-Afrika was en nie FW de Klerk nie. Die implikasie van die boek is duidelik: as PW Botha vir Chris Heunis nie vanaf 1985 van die onderhandelingsproses uitgeskakel het nie, sou hy waarskynlik 'n bepalende rol in die latere verloop van sake gespeel het. Miskien wil hy daarmee De Klerk se roem as dramatiese hervormer 'n bietjie temper. Die implikasie is ook dat Chris Heunis uitgeskakel is omdat hy die vernaamste vormgewer aan die oorspronklike Rubicon-toespraak was wat PW uiteindelik as te veel van 'n Prog-toespraak afgewys het.

Die tweede oogmerk met die boek is om Jan Heunis se rol in die binnekring van die regeringsmasjien te beskryf waar die kwaai debatte en konfrontasies plaasgevind het. Hy het dit op twee vlakke ervaar. As regsadviseur van die departement van Buitelandse Sake was hy ten nouste betrokke by Pik Botha se flambojante optredes en by die Nkomati-verdrag. Hy beskryf sy frustrasies met die sekurokrate en die dubbelslagtigheid van hulle optrede om enersyds hervorming voor te staan en om andersyds in belang van staatsveiligheid sekere opsies uit te lig om dit te bevorder

of te beperk. Die beeld van Pik Botha wat uit die boek na vore tree is nie besonder vleierend nie. Die regering was nie eerlik met sy bedoelinge met Nkomati nie omdat militêre steun aan Renamo na die verdrag steeds deur die sekurokrate voortgesit is.

Sy tweede rondte ervaring was toe hy hoofstaatsregsadviseur in die kantoor van staatspresident PW Botha geword het en by sowel die ontwikkeling van die Driekamerstelsel as die opbou na die berugte Rubicon-toespraak betrokke was. Hier word 'n nuwe blik op albei ontwikkelinge gegee en veral op die outokratiese optrede van PW Botha. Nadat hy uit frustrasie met Botha se vernederende behandeling van Alan Hendrickse, wat 'n kabinetsminister in die Driekamerstelsel was, bedank het en hom as advokaat gevestig het, het Heunis jr. die vernedering van Chris Heunis in die verkiesing van 1987 in Helderberg teen Dennis Worrall van naby beleef.

Ewe onverwags is hy deur Gerrit Viljoen, wat by Chris Heunis oorgeneem het as minister van Staatkundige Ontwikkeling, gevra om as die regering se regsadviseur by die grondwetlike onderhandelinge op te tree. Hier het hy homself dus in 'n sekere mate in die posisie bevind wat hy geglo het sy pa toegekrom het. Hy wy 'n groot deel van die boek aan sy beoordeling van die persoonlikhede betrokke by die proses, eerder as om aan die substansiële politieke en konstitusionele kwessies wat opgelos moes word, aandag te gee. Dit is een van die belangrike swakhede van die boek dat die werklike vraagstukke en die uiteenlopende sieninge van daardie kwessies nooit werklik deur die leidende persoonlikhede in aanbod kom nie. Mense word as liberaal en konserwatief geklassifiseer, persone soos Magnus Malan, Constant Viljoen en Kobie Coetsee word skerp veroordeel maar hulle kant van die saak word nêrens oorweeg nie. Net op een plek (bladsy 149) suggereer hy dat so 'n verdeling 'n ooreenvoudiging is. Dit is die enigste plek waar hy erken dat die verskille nie soseer gegaan het oor die steun aan 'n onderhandelde demokratiese skikking of die verwerping daarvan nie, maar dat ander wel op die skep van wigte en teenwigte klem gelê het. Hyself erken dat die onderhandelinge nie daarin geslaag het om juis dit te bereik nie. Daarom maak hy die stelling op bladsy 167 dat die Nasionale Party in 1996 'n gunstige geleentheid om wigte en teenwigte oor byvoorbeeld taalbeleid en moedertaalonderwys in te bou, laat glip het. Toe die Konstitusionele Hof geweier het om die grondwet te sertifiseer omdat daar nie voldoende magte aan die provinsiale regerings oor o.m. onderwys toevertrou is nie, het die Nasionale Party die ideale geleentheid gehad om die ANC se verleentheid uit te buit en sodanige versterkings in te bou.

Die boek gaan eweneens mank aan voortdurende herhaling van inligting. Dit gee die indruk dat die hoofstukke eintlik as afsonderlike tekste bedink is wat later bymekaar gevoeg is. Vergelyk byvoorbeeld die herhalings oor Roelf Meyer op bladsye 151 en 195, oor Niël Barnard op bladsye 176 en 186 en oor die sertifisering van die grondwet op bladsye 149 en 202. Die versorging van die teks kon ook beter gewees het.

Dié nuwe binnekring inligting is belangrik en help om die groter prentjie stuk vir stuk in te vul. 'n Mens word egter tog met die gevoel gelaat dat die boek te maklik met mense afreken en te min aan idees en beginsels aandag gee. Daar bly talle onbeantwoorde vrae. As Chris Heunis die groot hervormer was, waarom het die breuk tussen hom en die onafhanklikes ontstaan? Hoe het die onderhandelinge uiteindelik wel geslaag ten spyte van soveel negatiewe faktore in die Nasionale Party-kamp? Wat is Jan Heunis se oordeel oor wat die nalatenskap van die proses is, gesien die huidige toenemende ontnugtering oor wat van die gees en die letter van die onderhandelingsproses geword het? Hoe verduidelik die skrywer sy eie evolusie van 'n ywerige Nasionale Party-ondersteuner as student, asook sy vader se politieke rol tot die afstandelike kritikus wat tog bereid is om as die regering se adviseur op te tree?

Daar is 'n paar sleutelpersone wat dit aan die geskiedenis verskuldig is om ook hulle memoirs te skryf sodat toekomstige historici beter in die binnekring insae kan hê. Onder hulle is Roelf Meyer, Gerrit Viljoen, Niël Barnard, Barend du Plessis, Hernus Kriel en Tertius Delport.

Pieter Kapp  
Besoekende Navorsingsgenoot  
Departement Geskiedenis  
Universiteit van die Vrystaat